higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

8 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

422Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat ’n reël oop en trek ’n streep oor die bladsy ná elke voltooide vraag.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

horisontale; gesag; vermoë; hiërargiese; stabiliteit; openbare; vertikale; wangebruik; private; geld

1.1 Binne staatsliggame is daar 'n ... verhouding tussen die onderskeie uitvoerende departemente wat op dieselfde (1.1.2) ... vlak is. (2)

1.2 'n Staat kan slegs funksioneer as hy genoeg (1.2.1) ..., (1.2.2) … ondersteuning en (1.2.3) ... het om wet en orde te kan handhaaf. (3)

[5]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die antwoord as dit ONWAAR is.

2.1 'n Verteenwoordigende staat' is waar die burgers verteenwoordigers kies om namens hulle te regeer.

2.2 Die President word kragtens artikel 89 van die Grondwet verkies.

2.3 Transnet word volkome deur die Departement van Openbare Ondernemings besit.

2.4 'Interregeringsbetrekkinge' verwys na die wedersydse betrekkinge tussen alle regeringsfere en alle staatsorgane in Suid-Afrika.

2.5 Eskom is 'n staatsorgaan wat as 'n Hoofstuk 9-instelling geklassifiseer word.

2.6 Een van die funksies van 'n tradisionele raad is om tradisionele leiers in die uitvoering van hul funksies by te staan, te ondersteun en leiding te gee.

2.7 Konings en koninginne word nie as tradisionele leiers beskou nie.

2.8 Sektorpolisiëring is 'n polisiëringsmetode wat in groot metropolitaanse distrikte soos Stad Tshwane gebruik word.

2.9 Diagonale interregeringsbetrekkinge vind plaas tussen regerings op dieselfde vlak of in dieselfde sfeer.

2.10 Die nasionale uitvoerende gesag is verantwoordelik vir die voorsiening van openbare dienste aan die land.

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Wetgewende gesag	A	om ’n posisie op grond van oorerwing te beklee
3.2	Uitvoerende gesag	B	om die beleid wat in wetgewing beliggaam word, uit te voer (wette)
3.3	Oorgangs- (‘Transitional’)	C	’n stel oortuigings of beginsels waarop ’n politieke stelsel gegrond is
3.4	Misdaadneiging	D	om beleid vir Suid-Afrika te formuleer en aan te neem wat in wetgewing (wette) uitgedruk word
3.5	Instemming	E	geneig om bymekaar te bly
3.6	Ideologie	F	vestig en ontwikkel
3.7	Kohesie	G	verandering van een toestand in ’n ander
3.8	Bewerk	H	’n klein, permanente groep opgeleide leiers wat vergroot kan word, indien nodig
3.9	Kader	I	om saam te stem en toestemming te gee
3.10	Erflik	J	die verskillende tipes misdaad wat in ’n spesifieke tydperk gepleeg word

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE kategorieë buitestaatlike betrekkinge. (3)

4.2 Suid-Afrika word tans in 257 munisipaliteite afgebaken, wat in drie kategorieë gegroepeer kan word.

Noem hierdie kategorieë en gee die getalle vir elk. (3)

4.3 Beskryf wat ’n wyksraadslid is. (1)

4.4 Om watter DRIE redes is vertikale intrastaatlike betrekkinge noodsaaklik? (3)

[10]

VRAAG 5

5.1 Waaruit bestaan die provinsiale uitvoerende gesag? (3)

5.2 Wat beteken staatsbestuur? (3)

5.3 Noem die aktiwiteite waarvoor die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) verantwoordelik is, kragtens die 1996-Grondwet en die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende artikel noukeurig en beantwoord die vrae.

WES-KAAPSE REGERING HOU VOL MET OPROEP OP GPF'S OM MET TOEPASSING VAN INPERKING TE HELP

-Eyewitness News, 25 Mei 2020-

Die Wes-Kaapse regering laat vaar nie sy oproep op buurtwagte om met die toepassing van die inperking te help nie. Volgens die LUR vir gemeenskapsveiligheid, Albert Fritz, het die Minister van Polisie, Bheki Cele, nog nie gereageer op sy brief verlede maand oor die kwessie nie. Die Minister van Gesondheid, Zweli Mkhize, het onlangs gesê dat gemeenskapspolisiëringsforums bemagtig sal word om nakoming te monitor en regulasies af te dwing.

Die Wes-Kaapse Departement van Gemeenskapsveiligheid versoek dat geakkrediteerde buurtwagte help om sosiale distansiëring by supermarktoue, klinieke, hospitale en vervoerpunte soos taxistaanplekke te bevorder. Die departementele woordvoerder, Cayla Murray, het gesê 322 geakkrediteerde strukture in die provinsie is reeds gekeur en kan verantwoordbaar gehou word.

"Indien hulle toegelaat word om tydens die inperking te patrolleer en te help, sal die Departement van Gemeenskapsveiligheid verseker dat maatreëls ingestel word om die verspreiding van Covid-19 te voorkom en alle lede te beskerm wanneer hulle die toepassing van die inperking ondersteun." Die Nasionale Polisiekommissaris, Khehla Sitole, het onlangs aangekondig dat hulle binnekort 'n plan bekend gaan stel oor hoe om gemeenskapspolisiëringsforums te betrek, maar daar was geen melding van buurtwagte nie.

"Aangesien ons verwag om na vlak 3 te beweeg, gaan ons 'n aksieplan voorlê wat presies sal uiteensit hoe die aktiwiteite van gemeenskapspolisiëringsforums onderneem sal word."

[Bron: *https://ewn.co.za/2020/05/25/wc-govt-to-persist-with-call-for-cpfs-to-help-with-lockdown-enforcement*]

6.1 Verduidelik wat 'n gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) is. (2)

6.2 Wie maak normaalweg deel van die GPF uit? (3)

6.3 Wat is die verskil tussen ’n GPF en ’n GVF (gemeenskapsveiligheidsforum)? (1)

6.4 Wat is die idee agter die vestiging van ’n GPF? (1)

6.5 Met betrekking tot die bostaande artikel, dink jy dit is ’n goeie idee om GPF’s te vra om met die toepassing van inperkingsregulasies te help? Staaf jou antwoord. (3)

6.6 Hoe kan gewone lede van die publiek die SAPD bystaan? (5)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

7.1 Die Minister van Gemeenskapsveiligheid, Alan Winde, het namens die provinsiale regering in die Wes-Kaap gesê: “In Oktober verlede jaar het ons ’n dringende brief aan die Minister van Polisie, Bheki Cele, gestuur waarin ons noodsaaklike maatreëls uiteensit om misdaad in ons provinsie te hanteer. Ons het dit in Desember opgevolg. Ons wag steeds op ’n geskikte reaksie of aksieplan van die nasionale polisie. Ons het alle vertroue in – en geduld met – die Minister van Polisie, Bheki Cele, en die hele nasionale regering verloor. Hulle het by meerdere geleenthede ons versoeke om bystand en ingryping geïgnoreer, ten spyte van ’n grondwetlike verpligting om ons aanbevelings te oorweeg.”

7.1.1 Op watter tipe geskil dui die bostaande gedeelte? (1)

7.1.2 Wat is die breë riglyne kragtens artikel 41 van die Grondwet wat vir hierdie tipes geskille voorsiening maak? (2)

7.2 Die uitgesproke Oos-Kaapse tradisionele leier iNkosi Mwelo Nonkonyana het partypolitiek geblameer vir sy voorkomende skorsing as voorsitter van die Huis van Tradisionele Leiers, te midde van aantygings dat hy Covid-19-inperkingsregulasies oortree het. Die LUR vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Xolile Nqatha, het die uitgesproke Nonkonyana Dionderdag gestraf met voorkomende skorsing en sy adjunk, Langa Mavuso, aangestel om in sy afwesigheid waar te neem.

7.2.1 Definieer *tradisionele leierskap*. (1)

7.2.2 Noem TWEE stukke wetgewing wat tradisionele leierskap reël. (2)

7.2.3 Noem DRIE verantwoordelikhede van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers. (3)

Kopiereg voorbehou

7.3 President Cyril Ramaphosa het oorlog teen geslagsgebaseerde geweld verklaar. Dit volg op die onlangse toename in sodanige geweld tydens die nasionale inperking weens die Covid-19-pandemie. Baie regeringsinisiatiewe vind plaas om te verseker dat geslagsgebaseerde geweld gehanteer en op die voorgrond geplaas word.

7.3.1 Noem DRIE faktore wat tot misdaad bydra. (3)

7.3.2 Bespreek geslagsgebaseerde geweld aan die hand van die DRIE faktore wat tot misdaad bydra. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag.

VRAAG 8

Jy werk in 'n gemeenskapsdienssentrum waar jongmense byeenkom wat hulle vaardighede wil verbeter en 'n loopbaan in staatsbestuur en politiek wil volg. Dit is jou taak om hulle te lei om die drie takke en drie regeringsfere te verstaan. Sodanige begrip sal hulle in staat stel om beter te bepaal wat hul loopbaanweg behoort te wees.

Skep in tabelvorm 'n opsomming van een bladsy van die DRIE arms en DRIE sfere van die regering, wat insluit:

- Die samestelling van elke sfeer
- Die funksies van elke sfeer
- 'n Voorbeeld van elke sfeer
- Die verdeling in die drie takke

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou